


**Die laaste fase van Paulus se lewe**

Na Paulus se derde sendingreis wat ongeveer in 53 nC begin het, het omstreek 58 nC na geëindig het toe hy na Jerusalem teruggekeer het om die kollekte wat hy ingesamel het aan hulle te besorg(Handelinge 21). Sy teologiese standpunte rakende Joodse gebruike en die Wet van Moses het van sy besoek 'n spanningsvolle moment gemaak. Lees Handelinge 21:17-24 waarin die apostels en plaaslike gemeente van hom vra om die tempel te besoek en Joodse reiniging handelinge te ondergaan om daardeur die gerugte rakende sy standpunte verkeerd te bewys. Handelinge 21:20-24 is 'n interessante teks aangesien hulle van Paulus verwag het om van sy diepste oortuigings afstand te doen. Alhoewel Paulus nie van oortuiging verander het nie, het hy tog aan hulle versoek voldoen en is helaas as gevolg daarvan gearresteer (Handelinge 21:27-36). Hierdie gebeure herinner baie aan Jesus en Stefanus se arrestasies wat op dieselfde plek afgespeel het.

Weens die omvang van die opstand van Jode in Jerusalem en uit vrees vir sy lewe, is Paulus na Seserea toe gestuur vir aanhouding (Handelinge 23:23). Nadat Paulus homself op die keiser beroep het (Handelinge 25) is hy na Rome toe gestuur om verhoor te word (Handelinge 27). Sonder dat Paulus daarvoor kies breek sy vierde en laaste sendingreis aan. Dit was nog altyd sy wens ons Rome te besoek om daarvandaan ook na Spanje te reis. Paulus het egter nooit Spanje bereik nie en is rondom 65 nC in Rome tereggestel. Die Bybel beskryf nie vir ons die gebeure van sy dood nie. Handelinge 28 eindig op 'n hoë noot as dit vertel hoe hy met die "grootste vrymoedigheid" en "sonder enige verhindering" met sy getuienis voortgegaan het

## *Semper Reformanda*. Die verhaal van die vroeë kerk na Paulus se dood

Net soos in die geval van Paulus en die eerste groepe gelowiges se lewens het veranderende omstandighede na ongeveer 65 nC gelowiges weer tot ‘n fase van groot verandering en vernuwing gedwing. Dit was nie so rustig en voorspoedig soos wat die boek Handelinge se laaste paragraaf ons mee laat nie.

- Al die apostels wat sterk leiding geneem het in gemeentes het ‘n martelaar dood gesterf. Die enigste apostel wat aan natuurlike oorsake oorlede is was Johannes. In die plek van die eerste generasie leiers het die vroeë Kerkvaders in die kerk na vore gekom.
- Paulus was ‘n sleutelfiguur wat nog gemeentes in Klein-Asië en Griekeland met die gemeente in Jerusalem verbind het. Gedurende sy reise het hy oral vir hulle ‘n kollekte ingeneem en by mens die bewussyn gebring van die diep godsdienstige wortels van hulle geloof. Met Paulus sy dood het niemand die plek ingeneem nie en is die konneksie tussen gemeentes verbreek.
- Tussen 66-70 nC het duisende Jode in die Joodse Oorlog gesterf. Die oorlog was die gevolg van die Jode wat hulle eie politieke identiteit in Jerusalem wou bewerkstellig in die midde van die Romeinse ryk.  In 70 nC het die Romeine die tempel in Jerusalem vernietig en alle Jode is uit die stad verban. Volgens Eusebius het die christene ook later uit die stad gevlug en onder leiding van ‘n bloedverwant van Jesus hulle in Pella gaan vestig.
- Die vroeë kerk is weer, soos in die verlede (Jesus se kruisiging en Stefanus se steniging), by ‘n plek van reformasie en transformasie uitgebring.

Paulus se briewe in die Nuwe Testament word deur navorsing in drie klasse ingedeel: Briewe wat deur Paulus self geskryf is, briewe wat moontlik deur hom geskryf is maar waarvan die aard en karakter baie van sy oorspronklike briewe verskil en moontlik die produk was van sy navolgers; en laastens briewe wat later (2de eeu) in Paulus se naam deur onbekende outeurs geskryf is.

Die aard van hierdie drie kategorieë vertel ons die fassinerende storie van hoe veranderende omstandighede vroeë gemeentes weer tot nuwe insigte en vernuwing gelei het. ‘n Mens sou dit kon vergelyk met Paulus en Petrus se bekering en hoe omstandighede hulle tot ‘n nuwe insig gebring het in wat die Here nou van hulle vra.

| Truly Pauline | Disputed | Considered pseudephigraphic |
|---|---|---|
| Romans | 2 Thessalonians | 1 Timothy |
| 1 Corinthians | Ephesians | 2 Timothy |
| 2 Corinthians | Colossians | Titus |
| Galatians | | (Hebrews) |
| Philippians | | |
| 1 Thessalonians | | |
| Philemon | | |

**Die vestiging van die kerk**

Oorweeg die volgende realiteit waarmee gelowiges moes saamleef. Gelowiges soos Petrus en Paulus was vas oortuig dat Jesus as beloofde Messias gou (in hulle leeftyd) sou terugkeer om Sy koninkryk in hulle midde te vestig. Lees 2 Petrus 3:15-16, Openbaring 22:20 asook 1 Korintiërs 15:24-27 meer hieroor. Die verwagting was dat Jesus met sy koms die keiser en Romeinse ryk sou onttroon. Gelowiges het verwag dat dié koninkryk se gestalte nou verwant sou wees met die eertydse koninkryk van Dawid. Jesus sou dus spoedig, nog in hulle eie leeftyd, terugkeer om die mag van aarde heersers op hulle kop te keer (1 Korintiërs 7:31). Gelowiges is opgeroep om nog net vir ‘n klein tydjie te volhard. Hoe sou so ‘n gemeenskap / gemeente gelyk het? Wat sou die aard en karakter daarvan wees?

‘n Mens kan dus goed begryp dat die afsterwe van die Apostels en oorwinning van die Romeine in Jerusalem vir die eerste generasie gelowiges onverstaanbaar was. Die kern van dit waarin hulle geglo en aan vasgehou het, het nie gerealiseer soos hulle verwag het nie. Dit was egter nie die einde van hulle geloofspad nie, maar eerder die begin van ‘n era waarin die Christendom in die moeilikste omstandighede (100-300 vC) vinnig uitgebrei het.

Die Bybelboeke Efesiërs en Kolossense gee ons ‘n insiggewende perspektief op transisies in die vroeë kerk. Dit is onseker wanneer presies Efesiërs en Kolossense geskryf is. Die volgende suggereer dat dit uit ‘n tradisie later as Paulus se oorspronklike briewe kom.

- Paulus se briewe was aan spesifieke gemeentes en spesifieke probleme gerig wat baie te doen gehad het met die spanning rakende Joodse en heiden verhoudings. In Efesiërs en Kolossense is hierdie kwessies afwesig.
- Die kwessie wat nou ter sprake kom in die afwesigheid van die wederkoms is hoe gelowiges die aanpassing moet maak om met hulle getuienis in ‘n Grieks-Romeinse samelewing te leef. Let ook op hoe daar in 2 Tes. 5 oor die wederkoms gepraat word. Dit wou gelowiges wat ontnugter was aanmoedig om met liefde, geloof en hoop te leef (1 Tes. 5:6-8).
- Die kerk word skielik nou meer hiërargies georganiseer. Dit is duidelik hoe gelowiges die basis van Paulus se teologie geneem en begin aanpas het om sin te maak van hoe die Heilige Gees in ‘n nuwe era hulle tot vernuwing inspireer.

Paulus se teologiese perspektiewe in sy oorspronklike briewe was gegrond was op Christus Jesus (Jesus as gekruisigde Messias) se karakter wat op ‘n besonder vorm gegee het aan ‘n geloofsgemeenskap wat deur gelykheid gekenmerk is. In teenstelling met die waardes van die Romeinse ryk was die waardes wat Paulus uitgelig het werkinge van die Heilige Gees wat hierdie gelykheid moontlik gemaak het.

| Romeinse waardes | Vrugte van die Gees (Gal. 5) |
|---|---|
| Dissipline, krag, mag, sterkte, getrouheid. | Liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing. |

Toe die Messias nie teruggekom het om die Romeinse keiser te vervang nie en dié ryk net van krag tot krag verder uitgebrei het, is Christus se heerskappy verhef tot ‘n kosmiese realiteit (lees Kolossense 1:15-20). Die gedagte is nêrens in Paulus se oorspronklike sewe briewe te vinde nie. Te midde van die mag van die Romeinse ryk wat groei het hulle bely dat God steeds op ‘n hoër vlak oor die magte van die wêreld heers. As verhewe bo die skepping probeer God nie soos die keiser mense beheer of manipuleer nie, maar buig hy Hom neer om Homself met mense te versoen. Hierdie teologie het gelowiges in hierdie moeilike tyd geïnspireer om nie in die sigbare vas te kyk nie, maar met wysheid en vrug in die wêreld voort te leef (Kolossense 3-4). Let op hoe daar meer struktuur gegee word aan die kerk deur die metafoor van ‘n liggaam te gebruik (Efesiërs 4).

Die pastorale briewe (Titus en Timoteus) verteenwoordig nog ‘n volgende fase in die kerk rondom die tweede eeu na Christus (dus ongeveer in die 100 jaar na Paulus) toe ‘n verskynsels wat gnostisisme na vore getree het.

**‘n Paar slotgedagtes rakende Paulus se unieke teologie**

- Paulus se passie vir alle vorme van gelykheid waarin kulturele en etniese ongelykheid aangespreek is. Dit wil blyk dat sy siening oor die verhouding van mans en vroue waarin idees van ongelykheid verskuil lê waarskynlik later deur outeurs toegevoeg is.
- Paulus se passie vir die situasie van arm mense.
- Paulus se afwysing van gelowiges wat hulleself in godsdiens probeer verhef. Jy is sterk wanneer jy swak is.




**Hoe praat Paulus en die vroeë kerk vandag met ons?**

- ..........................................................................................................
- ..........................................................................................................
- ..........................................................................................................
- ..........................................................................................................
- ..........................................................................................................
- ..........................................................................................................
- ..........................................................................................................
- ..........................................................................................................
- ..........................................................................................................